

Sondag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 13:22-30	Fokusgedeelte: Lukas 13:24 (1983-vertaling)
--------------------------------------	--

Die smal deur wat wyd oop staan!

Die vreugde van verlossing ... Die wonderwaarheid van toegang tot die koninkryk. Die Lukas 13:22-30 verse en Jesus is aan die woord. Deur dorpe en stede op pad na Jerusalem preek en vertel Jesus van die heerlikheid van God. En tipies mens, vra iemand Hom: "Here, is dié wat gered word, min?"

Om dan die *smal-deur-antwoord* van Jesus te moet hoor. Die mense begaan oor die aantal wat gered sal word. En Jesus wat met die *smal-deur-antwoord* die vraagsteller daarop wys dat verlossing en redding een-een plaasvind. "Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan ..." Volhard, fokus, doen jou bes! God alleen weet wat die getalle is. Maar menskinders moet volhard om in te gaan voordat dit te laat is.

Die smal deur ... Die deur na die lewe. Die deur, alhoewel smal, maar beslis nie gesluit nie. Ingang en deurgang per Goddelike uitnodiging. Die smal deur en die smal pad. En die smal deur wat oopgaan in die wydtes van God se ryke genade en die vrug van die Gees en die heerlikheid van ware kindskap van Hom wat jou by die deur inwag.

Baie deure ... Maar die smal deur vir elkeen wat gered wil word. Die lewenslange keuse. Opofferend om in te gaan. Nie die deur van en vir die massas nie. Ek en my lewe en my koers, singend-dankbaar:

"Leer my, Heer, u regte weë (*die smal deur*),

Wys die regte pad (*smal deur*) my aan ..."

Met volharding die Here te smEEK:

"maak my lewe daartoe geneë

Om met lus daardeur te gaan."

Lokkend staan die smal deur wyd oop en ek loof die Here dat ek, uit genade, om Christus wil kan deurgaan en ingaan en met lof mag lewe!

Sing: Psalm 25-1:2

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)